Ges. 1: 1,2,3.
" 107: 4,6.
Ges. 111: 5,6.

# Is Kersfees nog Christenfees?

Potch 21 Des. 1958

Luk. 2: 8-20.

Luk. 2: 15 – „Laat ons dan na Bethlehem gaan en hierdie ding sien wat gebeur het, wat die Here aan ons bekend gemaak het.

Vir die afgelope 3 Sondae was ons besig met die Adventsprediking as bewys dat ons as Xten-gemeenskap besig is om ons voor te berei vir die feestelike hoogtepunt van Kersfees – die viering van Xtus se geboortedag, besig om te luister na en gehoor te gee aan die ~~harte hoor die~~ uitnodiging van die herders: „Laat ons dan na Bethlehem gaan"

Lank voor die tyd, egter, maande voordat ons gedink of gedroom het dat Kersfees kom, was die wêreld besig om ook sy voorbereidings vir die fees te tref – net op 'n ander manier: deur die druk van duisende Kerskaarte, die vervaardiging van speelgoed en geskenke, die voorbereiding vir die ontvangs van duisende vakansiegangers, en die verskaffing van genoeg sterk drank om d. toenemende dors van 'n ~~drinke~~ nasie van drinkers te versadig.

As ons al d. tekens i.v.m. Kersfees rondom ons nugter en krities ontleed dan is 3 dinge duidelik:

1) Twee groepe in ons land vier Kersfees – die Xtenvolk en die wêreldvolk – elkeen langs die ander en in baie gevalle elkeen saam m. d. ander.

2) Die een groep se voorbereidings is baie meer doeltreffend & deeglik – en die klem op hulle arbeid baie meer merkbaar. Hoef ek u te vra watter groep dit is? Die feit dat daar skoolvakansies, lang naweke en vol strande is,

het aan hd. groep se voorbereiding & sukses niks afgedoen nie – dit eerder verhoog!

3) Algaande is die karakter van Kersfees as Xtenfees ernstig be-ïnvloed & aangetas deur faktore van buite. Ons dink bv. daaraan dat vir baie mense Kersfees 'n blote handelsfees geword het waarin die handel alles in hulle vermoë doen om die koopkrag van die publiek te stimuleer deur die aanloklikste aanbiedinge in treflik versierde vensters. Baiekeer lei dit tot 'n koorsagtige gejaag vlak voor Kersfees waardeur beide kopers & verkopers stokflou en uitgeput Kersfees tegemoetgaan.

Vir baie ander het dit 'n blote vakansiefees geword – een v.d. talle vakansiedae van hd. vakansiemaand waarin vrolikheid en vermaaklikheid sy toppunt bereik om Kersfees en Nuwejaar! // Dit is asof die wêreld vir die hele Xtenheid kom sê: „Julle het nou wel die fees in die lewe geroep en sy karakter bepaal. Maar julle feesvreugde het so verflou, julle lofsange so verswak dat ons dit nodig geag het om die fees oor te neem en daaraan 'n nuwe vrolikheid te gee." Is dit 'n wonder dat die uitnodiging van die herders: „Laat ons dan na Bethlehem gaan" verdring word in vrolikheid wat roep: Laat ons na die biersaal, die baaiers by die kuswaters, die branders, [illegible] of die Kersaandbal gaan!

Vir 'n derde groep mense – al groter groeiende groep – het Kersfees net een betekenis oorgehou: Drinkfees met al sy duur offers: van geld, van geluk, van gesondheid, van menselewens!



In die woorde van 'n inleidingsartikel van Die Kerkbode:

„Ons aanstaande Kersfees, ons weet dit nou al, sal genoeg laat sien van die bierglas – maar waar sal die kelk van heil te vinde wees? Daar sal oordadig geëet word – maar wie sal die brood van die lewe smaak? Daar sal volop vrolikheid wees – maar waar sal die ware vreugde ondervind word?"

Dit alles bring ons by die vraag: Het dit nog waarde om die uitnodiging te rig: „Laat ons dan na Bethlehem gaan"? Sal die wêreld drama luister – of daarop antwoord?

Wat die wêreld sê of doen maak vir my minder saak – wat vir my tel is: Waarom het hd. groepie herders gehoorsaam? Wat hulle beweeg?

(1) In hulle harte reeds vir jare die verwagting geskep van die Messias wat sou kom – die Verlosser wat sou verskyn. Hulle het seker baiekeer in die stilte van die aand daaroor gepraat en gepeins en daardeur 'n verwagting opgebou van Gods openbaring wat iets groots, iets enigs sou bereik!

(2) Die besondere manier waarop die hemel sy blydskap uitgejubel het oor die velde kon nie anders as 'n onuitwisbare indruk op die groepie herders se gemoed gemaak het nie! Om te dink dat 'n koor van engele hierdie lofsang tot eer van God kom sing!

→ Kersfees sonder 'n feeslied is ondenkbaar! In gedagte herders Kersfees altyd verbind aan lofsang & jubelliede!

(3) Toe die lied van die engele mugstemme oor die vlaktes van Efratha het die groepie manne nie die stad ingestorm nie — hulle het vir mekaar gesê: „Laat ons dan na Bethlehem gaan". Hulle het gemeet: hulle sou hulle asem mors om op daardie tydstip vir die wêreld te gaan vertel: „Die Verlosser v.d. wêreld is gebore". Daarom begin hulle by hulle eie kring: ~~en ons laten gaan hulle~~ ~~vertel~~ eie groot is — hulle gehoorsaam!

(4) Vir hulle was die boodskap v.d. engel nie 'n sensasieberig nie, nie 'n droombeeld nie — nee: hulle het dit gesien as 'n boodskap v.d. Here self. Daarom die woorde: „wat die Here aan ons bekend gemaak het". — Dit het dan ook hulle handeling bepaal!

(5) Toe hulle die wonder aanskou het — dadelik daarvan begin vertel!

Wat sê dit nou alles vir ons? Hoe kan hd. woord en daad v.d. herders ons help ons Kersfees weer Christusfees te maak?

(1) Die verwagting van alles wat Xtus is en wil ~~bring~~ gee moet baie meer in ons harte leef — baie langer voor Kersfees opgewek word. Dit kan op so baie maniere gedoen word: deurdat ons as Xtenouers in ons huise aan ons kinders die Kers~~sang~~verhaal oordra, in ons gemeente betyds ons daarvoor voorberei.

Wat Xtus dwarsdeur die jaar, elke dag vir ons beteken sal bepaal wat ons van Kersfees maak!



(2) Die feesvreugde van Xtus se Koms moet Kersfees uitdra omdat Xtus self vir ons soveel vreugde in ons lewe van elke dag gee. Dit kan op soveel maniere gedoen word:

— By strande & vakansie-oorde kan groepe Xtene Kersprogramme (Kersopvoerings, Kerssang ens.) self opstel en nie die bestelling onder die blote sterrehemel aanbied as deel v. ons lofsang tot eer van God!

— Maar ook in gemeentes waar mense weg is met verlof kan ons, met 'n klein bietjie moeite, buitengewoon skone Kersang & voorstelling gebruik om die uitnodiging v.d. herders te vertolk!

— Sang in ons huise!

(3) Wr. dan hd. bdskap van God aan ons ons vir mekaar vertel, onder mekaar daarvan gesels, vir mekaar dit oordra in die aktuele taal van 1958, in woorde wat ons kan verstaan om vir mekaar te sê: Wat beteken Kersfees vir my? Wat bring dit vir my?

(4) As Kersfees vir ons iets beteken — as ons dit sien as 'n boodskap wat God persoonlik kom oordra het m.d. geboorte van Sy Seun, dan sal ons nie ophou om ander te nooi en te sê: „Laat ons dan na Bethlehem gaan"

→ Dink nou net aan ons en v.d. Eng. sprekendes, die Jode, die Portugese hier om ons > hawe

van hulle hoor dat ons „oral die woord bekend maak wat vir ons van die kindjie vertel is?"

– En die nie-blanke? Hoor hulle ooit iets van die uitnodiging om saam te gaan na Bethlehem? Is ons houding nie baiekeer: „daar is nie plek vir julle hier by die krip nie – staan eenkant dat ons die kindjie kan sien!" Wat sien hulle van ons Christus en ons Kersfees?

→ Nie wag vir ander kerke, groepe, leiers, gemeentes nie: dis sonde! Sal ons nie nou reeds begin bra – hierdie 2 dae voor Kersfees: Hoe kan ek vanjaar iemand nooi na die krib van Bethlehem?

– En wat van volgende jaar?

Amen